# HEBREËRS 6:11-20

## TEMA: Om Geduldig te Wag

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 6:11-20**

**Heb 6:11 Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe;**
**Heb 6:12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.**
**Heb 6:13 Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer**
**Heb 6:14 en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.**
**Heb 6:15 En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.**
**Heb 6:16 Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak.**
**Heb 6:17 Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg;**
**Heb 6:18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê;**
**Heb 6:19 en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel**
**Heb 6:20 waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.**

-o0o-

### 1. EWIGHEIDSLOON

**Heb 6:11 Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe;**
**Heb 6:12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.**

Mense ons moet een ding baie mooi onthou, daar is net een loon en dit lê in die ewigheid. Hierdie kant het ons maar net versorging.

God die Vader het vir jou so groot, so hoog geag in hierdie oplewering (diensbetoon) met die saad, die vrug van Christus wat jy voortbring in jou lewe en met dit wat God vir jou gegee het, dat Hy nie vir jou 'n tydelike loon gee nie.

- Alles in hierdie lewe is tydelik, selfs die millennium is alles tydelik, dit gaan tot 'n einde kom, maar Hy wil jou so groot eer bewys, dat Hy vir jou 'n **ewigheidsloon** wil gee.

-o0o-

- Hy sê, jy is die **erfgenaam** van die belofte as jy nie traag word nie maar navolgers deur die geloof en lankmoedigheid *(sien voetnota)* erfgename van die belofte is.

Indien jy dit nie verstaan nie dan mis jy alles, want die duiwel skets vir ons 'n prentjie dat alles om die lewe draai. Dit gaan egter niks oor hierdie lewe nie, want die lewe is egter net 'n mylpaal tot 'n volgende doel.

Ek sien so dikwels dat mense swaar en hard werk vir hul daaglikse behoeftes tot op 'n hoë ouderdom. Na sy/haar dood het die kinders en naasbestaandes geen respek en waardering vir dit waarvoor die oorledene gewerk het nie. Dit is egter 'n voldonge feit. Hulle het koninkryke op aarde gebou, in stede daarvan om in die ewigheid te belê. Ons moet nie skatte bymekaar maak waar mot en roes dit kan kom verniel nie.

## 2. EEDSWERING

God die Vader is ernstig dat die navolgers deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte word.

**Heb 6:13 Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer**
**Heb 6:14 en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.**
**Heb 6:15 En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.**

- Aan Abraham het God by Homself gesweer.
- God het hierdie belofte so hoog geag, Hy wou Sy stempel daarop afdruk, Hy wou die sekerheid vir mense gee.
  - *Hy sê: Mensekind, Abraham, Ek wil vir jou so 'n groot sekerheid gee, dat daar is niks by wie Ek kan sweer nie, maar weet dit, Ek sweer by Myself vandag vir jou, sowaar, sowaar, sowaar as wat Ek God is en Ek lewe en Ek die Almagtige is, so seker kan jy wees dat dit wat Ek nou vir jou gesê het werklikheid sal word.*
- Daar is geen groter sekerheid wat mens kan hê nie. God het aan Abraham met 'n eedswering 'n belofte gegee (vers 12), 'n belofte wat ons sal kry. Hy stippel dit uit in *Heb 6:15 En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.*
  - Hierdie is die sleutelvers, naamlik **geduldig gewag het** en nie opgehou om te arbei nie. Dit beteken nie gaan sit en doen niks nie. Abraham het onverpoosd voort gegaan om goed te doen en werk. Verder het hy ***onvoorwaardelik aangehou vertrou op die Here God, die Almagtige***, omdat God so gesê het, juis omrede God by Homself gesweer het.

**Heb 6:16 Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak.**
Daar is geen groter belofte as om te sweer by iets wat groter as jy is nie. Jy sal nooit by jouself sweer nie, anders sal jy sê: *vertrou my want ek sê, so.* Maar jy sal sweer by 'n hoër naam, nê?

## 3. BELOFTE

**Heb 6:17 Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg;**
**Heb 6:18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê;**

Mense, daar is 'n belofte. Dit gaan nie oor hierdie lewe nie, maar oor dit wat voorlê. Hierdie lewe is slegs 'n middel tot 'n doel. Dit is net 'n trapklip (stepping stone) na die ewigheid. Hierdie is net 'n toets vlak waarin ons, onsself nou bevind om te kyk of ons betroubaar geag word met dit wat God in ons hande geplaas het.

-o0o-

Dit word vergelyk met ŉ persoon wat op ŉ proeftydperk aangestel is by ŉ nuwe werk. Jy stel nie ŉ persoon in ŉ posisie aan as hy nie betroubaar was in die proeftydperk wat hy vir jou werk nie. Net so is hierdie ook die geestelike proeftydperk wat ons moet uitleef.

### 4. OPDRAG

Daar is egter net een opdrag, naamlik ontvang die **saad** van Christus Jesus en bring die **vrug** in hierdie lewe voort. Dit is al. Daar is nie ŉ ander evangelie nie; daar is nie ŉ ander sleutel tot die ewigheid nie. Om hierdie rede sê Christus: *Ek is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Joh 14:6*. Met ander woorde daar is nie enige ander manier hoe jy die ewigheid sal instap nie, behalwe deur die voorbeeld te volg en die vrug te dra van dit wat Christus deur Sy lewe in jou kom implementeer het. *Ontvang My saad en dra die vrug wat Ek gedra het, want Ek het gekom om die saad van die Vader te dra, die saad van die Vader het Hy in My geïmplementeer sodat Ek die vrug van die Vader kan dra vir julle, en dit is die evangelie.*
Daar is nie ŉ ander evangelie nie, daar is nie ŉ tipe godsdiens nie, daar is nie tradisies nie, daar is niks, behalwe slegs die evangelie van Christus Jesus.

Alles gaan verbrand word, ja, dit gaan beoordeel word. Ekskuus, maar dit is die waarheid! Wanneer ons buitekant hierdie Wil beweeg, het ons moeilikheid en moet ons so vinnig moontlik op ons knieë gaan en werklik die aangesig van die Here soek, sodat ons kan terug kom na hierdie werklike ware evangelie. Dit is die draers van die brood, dit is die draers van die Rhema woord, daar is nie iets anders nie. Dit is soos die 12 dissipels wat die brood ontvang het by die see van Galilea toe hulle die skares moes gaan voed het sodat hulle nie langs die pad van die honger nie sou beswyk nie. Dit is egter ons plig om te sorg dat die mense hul voedsel, kos en rantsoen kry op hulle tyd.

### 5. HOOP

Hy sê ons moet vashou aan die hoop wat voorlê en dit verstaan.

**Heb 6:19 en ons het dit as ‘n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel**
**Heb 6:20 waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek ‘n hoëpriester geword het vir ewig.**

In die ou Testament, die ou bedeling wat ons in die begin gesê het, die **agt verbonde**, moes die Hoëpriester een keer ŉ jaar vir sy eie sondes geoffer het. Hy moes dan met bloed offer, homself en al hierdie gebruik toerusting eers versoen, daarna kon hy een keer ŉ jaar in die Allerheiligste ingegaan het om dan daar met God namens die volk te kon versoen. Dit is die ou tradisies.

Die oomblik toe Christus sterf, het die voorhangsel van bo af ondertoe geskeur, as bevestiging Christus is:
- die Deur
- die Sleutel
- die Eersgeborene wat die moederskoot geopen het, volgens die orde van Melgisedek
- ‘n Hoëpriester vir ewig
- die Oopmaak van die sluier
- die Oopmaak van die verhouding tussen die Vader en ons, nie ons tussen die Vader nie.

Hy het eerste in die Allerheiligste ingegaan, voordat Christus afgedaal het na die onderwêrelde waarheen Hy heengegaan het.

Heb 6:19 en ons het dit as ‘n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel
Heb 6:20 waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek ‘n hoëpriester geword het vir ewig.

-o0o-

En dit is nou waarom Hy verewig nou intree vir ons, nie soos die ou Testament se hoëpriesters wat een keer 'n jaar nie. Hy sit aan die regterhand van die Vader en Hy kan nou vir ons intree ten alle tye, maar Hy kan alleenlik vir ons intree as ons doen wat Hy sê.

Ons moet nou begryp dat ek nie willens en wetens kan maak wat ek wil en verwag Christus maar net Sy plig doen nie. Nee, ek moet die

- voorbeeld volg wat Christus vir my gestel het en
- alleenlik as ek in die Woord is en
- kies om die regte dinge te wil doen en
- kies om te doen wat die Vader vir my beplan het om te doen en
- ek bring die vrug voort van Christus Jesus in my lewe dan
- volg ek Hom deur die voorhangsel.

Dan lewe ek in die Allerheiligste saam met Hom;
Ek sit saam met Christus in hemelse plekke;
Ek is in hierdie wêreld maar ek is nie van hierdie wêreld nie.
En alleenlik dan kan Hy vir my intree. Maar nie op 'n ander manier nie. Hy kan nie vir hardnekkige, hardkoppige, balhorige mense intree nie. Hy kan nie vir jou intree nie want Hy het geen reg om vir jou in te tree nie. Hy kan net vir diegene intree wat saam met Hom deur die geboorte kanaal gegaan het. Hy het vir ons die voorbeeld gestel en daar is geen ander voorbeeld nie, Sy voorbeeld moet ons volg en dit is maar klaar.

**HOE STAAN JOU SAAK?**

Ek dink die Here is besig om met mense te praat. My vraag is net dit:

- Wat is jy besig om te doen?
- Is jy besig om vir jouself soveel dinge voor te berei op hierdie aarde en al hierdie beloftes wat God vir jou gegee het te minag?
- God te wantrou?
- Hierdie eed wat Hy vir Homself geweer het te wantrou?

Nee ek moet maar vir myself sorg, maar ons moet alles binne perke doen soos wat die Gees van God op ons harte lê. Onthou om die Here te volg gaan van jou alles kos. Dit het vir my en my vrou alles gekos, ek weet waarvan ek praat.

Hoe staan jou saak vanmôre met die Here? Hoe staan jy regtig in hierdie verbond van God? Is jy besig om God se verbond tot vervulling te bring op hierdie aarde of is jy besig om jou eie dinge te doen? Net jy kan die antwoord gee.

Mense moenie speel nie daar is nie meer tyd nie, maak seker, en kom terug op die plek wat die Here verwag jy moet wees, nie waar jy gekies het om te wees nie! Moenie die ewigheid mis nie, moenie jou ewige loon mis nie. God het gesweer, Hy kan nie lieg nie. Hy het by Homself gesweer om vir jou die sekerheid te gee. Daar is anderkant baie beter dinge as hierdie kant, moenie vir jou hierdie kant goed bymekaar maak wat jy nie kan saamneem nie. Begin regtig skouer aan die wiel te sit en begin die koninkryk van God uit te lewe.

Die Here seën elke oor wat hierdie boodskap hoor.

Naskrif:
Vers 12. Lankmoedig: geduldig; verdraagsaam; toegewend

-o0o-